An emulsifiable concentrate contact and stomach insecticide for the use in flowers, ornamentals and the house garden for the control of pests as indicated.

‘n Emulgeerbare konsentraat kontak- en maaginsekdoder vir gebruik in blomme, sierplante en die huistuin vir beheer van insekte soos aangedui.

Registration and Distribution by:
**Makhro Home And Garden (Pty) Ltd**
Reg. Nr. 2014 / 283523 / 07
21 Viben Street, Brackenfell 7560
Tel: (021) 981 4011

MAKHRO HOME AND GARDEN (PTY) LTD

# MAKHRO CYPER

Reg. Nr. L7750 – Act 36 of 1947
N-AR 0920

**IRAC INSECTICIDE GROUP CODE 3 IRAC INSEKDODERGROEPKODE**

**ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL**

| | | |
|---|---|---|
| Cypermethrin (pyrethroid) | 200 g/ℓ | Sipermetrien (piretroïed) |





HARMFUL
SKADELIK



Yellow band

Geel band

# MAKHRO CYPER

L7750 – Act 36 of 1947 / N-AR 0920
IRAC GROUP CODE INSECTICIDE 3
Active Ingredient: Cypermethrin (pyrethroid) 200 g / ℓ
Registration Holder: MAKHRO-AGRO SA (PTY) LTD (1994/001973/07)

MAKHRO HOME AND GARDEN

Office No: 021 981 4011
21 Viben Street, Brackenfell
**Technical advise: 082 562 5330**
**Medical Emergency: 0861 555 777**

**WARNINGS:**

- Harmful when swallowed and moderately toxic by skin contact.
- Toxic to fish, bees and moderately toxic to wild life.
- **Flammable:** Do not store or spray near open flames.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Store in a cool place away from food and feedstuffs.
- In case of poisoning call a doctor and show him/her this label.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS:**

- Wear a hat, face shield, cotton overalls and boots when applying the spray mixture.
- When preparing the spray mixture wear a face shield and rubber gloves.
- Avoid skin contact and inhalation of the spray mist.
- Avoid contact with eyes.
- Wash with soap and water immediately after accidental skin contact.
- Wash overalls daily.
- Do not eat, drink or smoke whilst using or before having washed hands and face.
- Clean applicator after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Invert the empty container over the spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
- Destroy the empty container by perforation and flattening and bury away from water sources.
- Do not re-use the empty container for any other purpose.

**Symptoms of human poisoning:**
May be irritating to mucous membranes, eyes and skin. Inhalation may cause coughing, shortness of breath, bronchospasm, chemical pneumonitis and lung oedema. Ingestion may cause nausea, vomiting, stomach ache and diarrhoea.

**First aid treatment:**

**Inhalation:** Remove victim to fresh air and keep warm and at rest. If breathing is difficult give oxygen. If not breathing give artificial respiration. Get medical attention.

**Ingestion:** Do not induce vomiting. Wash out mouth with water. Get medical attention if necessary.

**Skin contact:** Take off contaminated clothing and wash off with plenty of cold water and soap. If necessary get medical attention.

**Eye contact:** Wash out with clean running water for at least 15 minutes. Get medical attention if necessary.

**Note to physician:**
There is no specific antidote. If ingested perform gastric lavage and administer activated charcoal Treat symptomatically and give supportive therapy.

**DIRECTIONS FOR USE:**
Use only as directed.

- Half fill the spray tank with clean water.
- Measure out the required quantity of **MAKHRO CYPER** and premix this with at least 1 ℓ water.
- Add this to the spray tank while agitating the mixture. Fill the spray tank with water to the required volume while maintaining agitation to ensure thorough mixing of the spray mixture before spraying commences. Maintain agitation during the whole spraying operation.

All spray applications must be made with suitable equipment that is in good working order and correctly calibrated to give the desired coverage for that particular method of application. The efficacy of **MAKHRO CYPER** can be harmed at high pH value of the spray mixture. It is more stable at a pH of around 4. Where an acidifying agent is used to lower the pH of the water, the agent must be added to the water before the **MAKHRO CYPER**. Prepared spray mixture must not be left in the spray tank for any length of time e.g overnight. The addition of molasses has an acidifying effect and reduces evaporation of the spray mist. For ground application add 10 % molasses by volume.

Compatibility:
Not compatible with several adjuvants or any spray oils, sea weed extracts, amitraz, dodine, Tokuthion (Reg. No. L 0924) or Kilval (Reg. No. L1806).

**APPLICATION RATES:**

| CROP AND PEST | DOSAGE RATE mℓ / 10 ℓ water | REMARKS |
|---|---|---|
| **ORNAMENTALS AND FLOWERS** | | |
| Aphids | 1,0 | Apply when pest is noticed. Repeat when necessary. Full cover application. |
| Mealy bug and Australian bug | 1,0 | Full cover application when pest is noticed. In home garden only. Ant control will help in control of these pests. Repeat when necessary. |
| Flower beetles | 1,0 | Direct contact spray. |
| Lily borer | 1,0 | Apply regularly when pest is around. |
| Pine emperor moth and caterpillars (ex. On Protea) | 1,0 | Direct contact spray. |
| Shield bug and Twig Wilters | 1,0 | Apply regularly when the pest is around. |
| White fly | 1,0 | Direct contact spraying in home garden only. Full cover application. Pay particular attention to the underside of the leaves. |
| **LAWNS** | | |
| Crickets | 5,0 | Apply at 0,5 ℓ spray mixture / m² and / or pour 50 mℓ of the mixture into each hole. Repeat when necessary. |
| Lawn caterpillar | 5,0 | Apply when damage is noticed. Light full cover application. A damp sack left on the lawn overnight will reveal infestation when removed early in the next morning. |
| Northern harvester termite and Ants | 5,0 | Apply onto lawns at 5 ℓ spray mixture / 100 m². Repeat application when activity is noticed again. Home garden only. In the case of Northern harvester termite up to 30 days control may be expected. |
| Army worm | 5,0 | Apply as an overall light cover spray onto the lawn. |

# MAKHRO CYPER

L7750 – Wet 36 van 1947 / N-AR 0920
IRAC INSEKDODERGROEPKODE 3
Aktiewe Bestanddeel: Sipermetrien (piretroïed) 200 g / ℓ
Registrasiehouer: MAKHRO-AGRO SA (PTY) LTD (1994/001973/07)

MAKHRO HOME AND GARDEN
Kantoor Nr: 021 981 4011
Vibenstraat 21, Brackenfell
**Tegniese advies: 082 562 5330**
**Mediese nood: 0861 555 777**

**WAARSKUWINGS:**

- Skadelik indien ingesluk en matig giftig deur velkontak.
- Giftig vir visse, bye en matig giftig vir wild.
- **Vlambaar:** Moet nie naby oop vlamme stoor of gebruik nie.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Stoor in ‘n koel plek weg van voedsel en voer.
- In geval van vergiftiging raadpleeg ‘n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

- Dra ‘n hoed, gesigskerm, katoenoorpak en stewels tydens toediening.
- Wanneer die spuitmengsel voorberei word moet ‘n gesigskerm en rubberhandskoene gedra word.
- Vermy kontak met die oë en vel en inaseming van die spuitnewel.
- Was onmiddellik met seep en water na toevallige velkontak.
- Was oorpakke daagliks.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik – uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere of damme besoedel nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot ‘n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met ‘n volume water gelykstaande aan 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te slaan en plat te trap en begrawe weg van waterlope.
- Moenie die leë houer vir enige ander doel hergebruik nie.

**Simptome van menslike vergiftiging:**
Mag irritasie van slymvliese, oë en vel veroorsaak. Inaseming mag ‘n gehoes, kortasem, bronchospasma, chemiese pneumonitis of longedeem veroorsaak. Inname mag naarheid, braking, maagpyn en diarree tot gevolg hê.

**Noodhulpbehandeling:**

**Inaseming:** Verwyder persoon na vars lug en hou hom warm en rustig. Indien asemhaling moeilik is, gee suurstof. Indien asemhaling ophou, pas kunsmatige asemhaling toe. Kry mediese behandeling.

**Inname:** Moet nie braking veroorsaak nie. Was mond uit met water. Kry mediese behandeling.

**Velkontak:** Trek besoedelde klere uit en was met groot hoeveelhede koue water en seep. Indien nodig kry mediese behandeling.

**Oogkontak:** Indien dit per ongeluk in die oë beland was uit met skoon lopende water vir ten minste 15 minute. Kry mediese behandeling indien nodig.

**Nota aan geneesheer:**
Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Indien ingesluk is gee ‘n maagspoeling en geaktiveerde koolstof. Behandel simptomaties en gee ondersteunende terapie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:**
Gebruik slegs soos aangedui.

- Maak die spuittenk halfvol met skoon water.
- Meet die verlangde hoeveelheid **MAKHRO CYPER** af en meng dit vooraf met 1 ℓ water. Voeg dit by die spuittenk terwyl geroer word. Maak die spuittenk vol met water tot by die verlangde volume terwyl aanhoudend geroer word om ‘n deeglike vermenging te verseker voordat toediening begin.
- Hou aan met roer tydens toediening.

Alle toedienings moet gemaak word met geskikte toedieningsapparaat wat in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is om die verlangde bedekking te verseker vir die spesifieke metode van toediening.

Die doeltreffendheid van **MAKHRO CYPER** mag deur ‘n hoë pH waarde van die spuitmengsel verlaag word. **MAKHRO CYPER** is meer stabiel by ‘n pH van ongeveer 4. Indien ‘n versuringsmiddel gebruik word om die pH te verlaag, moet dit eers met die water gemeng word voordat **MAKHRO CYPER** bygevoeg word. Aangemaakte spuitoplossing moenie onnodig oorstaan nie, veral nie oornag nie. Byvoeging van molasse versuur en verminder ook verdamping van die spuitmis. Vir grondtoediening behoort 10 % molasse per volume bygevoeg te word.

Verenigbaarheid:
Nie verenigbaar met verskeie bevorderingsmidels en met enige spuitolies, asook met seewierekstrakte, amitras, dodine, Tokuthion (Reg. Nr. L0924) en Kilval (Reg. Nr. L 1806) nie.

**TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:**

| GEWAS EN PLAAG | DOSERING mℓ / 10 ℓ water | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **SIERPLANTE EN BLOMME** | | |
| Plantluise | 1,0 | Volle dekbespuiting wanneer die luise opgemerk word. Herhaal wanneer nodig. |
| Wit- en Australieseluis | 1,0 | Volle dektoediening sodra die plaag opgemerk word. Slegs vir huistuin. Mierbeheer sal help met beheer van die plae. Herhaal toediening indien nodig. |
| Blomkewers | 1,0 | Direkte kontakbespuiting. |
| Lelieboorder | 1,0 | Dien gereeld toe wanneer die plaag aanwesig is. |
| Dennepouoogmot se ruspes (bv. Op Proteas) | 1,0 | Direkte kontakbespuiting. |
| Skildstinkbesies en verwelkbesies | 1,0 | Dien gereeld toe wanneer die plaag aanwesig is. |
| Witvlieg | 1,0 | Direkte kontakbespuiting as ‘n volle dektoediening. Verseker deeglike benatting van die onderkant van die blare. Slegs vir die huistuin. |
| **GRASPERKE** | | |
| Krieke | 5,0 | Dien toe teen 0,5 ℓ spuitmengsel / m² en / of gooi 50 mℓ van die mengsel in elke gat. Herhaal wanneer nodig. |
| Grasperkruspe | 5,0 | ‘n Ligte dekbespuiting sodra skade opgemerk word. ‘n Nat sak wat oornag op die grasperk gelaat word, sal die infestasie aandui wanneer dit vroeg soggens verwyder word. |
| Noordelike grasdraertermiete en miere | 5,0 | Bespuit die grasperk teen 5 ℓ / 100 m². Herhaal toediening sodra bedrywighede weer begin. Slegs vir huistuine. In die geval van die grasdraertermiet mag tot 30 dae beheer verwag word. |
| Kommandowurm | 5,0 | Dien toe as ‘n Ligte dekbespuiting oor die grasperk. |